## Op die markplein

### Effektebeurs van Suid-Afrika

JSE Johannesburg Stock Exchange

| | | |
|---|---|---|
| [illegible] | [illegible] | [illegible] |

TOTALE OPBRENGS-INDEKS

| | Opbrengs | Koers | Jongste indeks | | Vorige indeks | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Indeks | Opbrengs | Indeks | Opbrengs |
| [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] |

DAAGLIKSE GARET IN EFFEKTEMARKTE

| | | | |
|---|---|---|---|
| [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] |

RSA RESERWEBANK-INDEKSE

| | |
|---|---|
| [illegible] | [illegible] |

### Geldgids

| | VSA | Suid-Afrika | Euro | Brittanje | Japan | Indië | Australië | Nieu-Seeland | Brasilië | China |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] |

### Nuwe hoog/laag

| Hoogtepunt | Nuwe | Vorige | Laagtepunt | Nuwe | Vorige |
|---|---|---|---|---|---|
| [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] |

### FTSE/JSE Afrika-indekse

| | Indeks | Beweging | VO | DO |
|---|---|---|---|---|
| ALGEMENE INDEKSE | | | | |
| [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] |

### JSE Soeklig

| | |
|---|---|
| GROOTSTE SENT STYGINGS | |
| [illegible] | [illegible] |

### Direkteursverhandelings

| Maatskappy | Direkteur | Datum | Transaksie | Aantal | Prys | Waarde |
|---|---|---|---|---|---|---|
| [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] |

THEMBEKA

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | 8 | 2 | 3 | 9 | 6 | 7 | 5 | 1 |
| 1 | 9 | 5 | 2 | 4 | 7 | 6 | 8 | 3 |
| 6 | 7 | 3 | 5 | 1 | 8 | 4 | 2 | 9 |
| 9 | 3 | 4 | 8 | 6 | 5 | 2 | 1 | 7 |
| 7 | 5 | 6 | 1 | 3 | 2 | 9 | 4 | 8 |
| 8 | 2 | 1 | 9 | 7 | 4 | 3 | 6 | 5 |
| 3 | 4 | 8 | 7 | 2 | 1 | 5 | 9 | 6 |
| 2 | 1 | 7 | 6 | 5 | 9 | 8 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 9 | 4 | 8 | 3 | 1 | 7 | 2 |

SUDOKU NR. 153

Moeilikheidsgraad: Kopkrap

Verskaf deur Anina Roux en Samantha McKendrick sword@sword.co.za

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 9 | | 2 | | | 3 | 1 |
| 2 | | 7 | | | | 9 | | |
| 5 | | | 9 | 1 | | | 8 | |
| 4 | | | | | | 6 | 5 | |
| | | 3 | 5 | | | | 1 | |
| | | | | | | | | 7 |
| | | | | 4 | 7 | 8 | | |
| | | | | 6 | | | | |
| | 7 | | 2 | | | | | |

THEMBEKA

Strategiese Bemagtigingsvennoot

[illegible]



# Verbande makliker gegee

## Rentekoersverlagings verbeter bekostigbaarheid

Elma Kloppers, Johannesburg

Banke het minder aansoeke om huislenings van die hand gewys in Junie.

Daar is egter geen rede om opgewonde te raak nie omdat kenners reken dit is nie omdat banke hul uitleenkriteria verslap het nie.

Die verbandtussenganger ooba se nuutste oobarometer toon dat banke in Junie 47,5% van alle huisleningsaansoeke afgekeur het, vergeleke met 49,7% in Junie verlede jaar.

Mnr. John Loos, eiendomsontleder by Eerste Nasionale Bank (ENB) se huisleningsafdeling, vermoed dié afname is eerder as gevolg van 'n verbetering in bekostigbaarheid weens die rentekoersverlagings sedert Desember verlede jaar.

Hy sê die rentekoersverlagings van 4,5 persentasiepunte behoort 'n wesenlike verskil te maak aan bekostigbaarheid.

Die persentasie huisleningsaansoeke wat deur een bank afgekeur is, maar deur 'n ander bank goedgekeur is, het steeds verswak. Slegs 17,3% van dié leningsaansoeke is deur ander leningsinstellings goedgekeur, vergeleke met 39,4% in Junie verlede jaar.

'n Neiging wat regstreeks gekoppel is aan banke se strenger uitleenkriteria is dat die gemiddelde deposito as 'n persentasie van die koopprys skerp toegeneem het tot 18,9%, vergeleke met 12,2% in Junie verlede jaar. Op 'n maandgrondslag was dit egter laer as die 22,6% in Mei vanjaar.

"Die onvermoë van potensiële huiskopers om die vereiste deposito's te gee, hou die huismark onder druk," sê mnr. Saul Geffen, uitvoerende hoof van ooba.

Hy sê veral eerste kopers sukkel om tot die huismark toe te tree. Dit word weerspieël deur die feit dat die gemiddelde koopprys wat eerstehuiskopers betaal het, beduidend afgeneem het tot R454 400 van R529 504 in Junie verlede jaar.

Nog 'n uitwerking van banke se streng uitleenkriteria is dat die grootte van die gemiddelde verbandlening wat goedgekeur is, afgeneem het tot R636 169 van R679 224 in Junie verlede jaar.

Wat huispryse betref, toon die oobarometer 'n nominale styging in huispryse van 1,2% op 'n jaargrondslag in Junie. Die styging het die gemiddelde koopprys op R781 427 te staan gebring, vergeleke met R771 449 in Junie verlede jaar.

Geffen sê dit dui nie op 'n herstel in die huismark nie, maar kan toegeskryf word aan duurder eiendomme wat in Junie verkoop is, gegewe ryker kopers se vermoë om beter aan banke se streng uitleenkriteria te voldoen.

Die streng uitleenkriteria van banke eis intussen ook sy tol op residensiële boubedrywighede omdat dié bedryf afhanklik is van bankfinansiering vir ontwikkelings.

Me. Eunice Forbes, president van die Suid-Afrikaanse Meesterbouersvereniging (MBSA), sê residensiële bouprojekte het grootliks tot stilstand gekom.

"Die afswaai in boubedrywighede het talle meesterbouer-ondernemings gedwing om drastiese stappe te doen vir oorlewing, waar geskoolde sowel as ongeskoolde werkers afgedank is."

Sy sê dit lei tot verdere stygings in werkloosheid.



Die Franse ontwerper Christian Lacroix het moontlik vandeesweek sy laaste haute couture-vertoning in Parys gelewer, berig Reuters. Die modehuis is 'n maand gelede gelikwideer en die ontwerper het dié vertoning by die Paryse modeweek met die hulp van vriende en gratis werk van handwerkers aangebied. Ander berigte oor die vertoning verwys na die eenvoudiger, oorwegend swart versameling as een wat aan 'n begrafnis herinner – en sê die geleentheid self was baie naby aan een. Heelwat trane het gevloei en daar was selfs 'n banier met die woorde "Christian Lacroix forever". Die Christian Lacroix-modehuis is in 2005 deur die Amerikaanse Falic-groep gekoop. Lacroix hoop dat die finansiële probleme nie die einde van die handelsnaam sal beteken nie, maar dat dit oorgekoop sal word deur 'n maatskappy wat vir 'n ommekeer kan sorg. Foto: JACQUES BRINON, AP

## Wind draai turbines weer fluks by Darling

Francois Williams, Kaapstad

Die vier windturbines by die Darling-windplaas is weer aan die gang en lewer skoon krag aan die Kaapse munisipaliteit, het mnr. Raoul Goosen, projekbestuurder van die Energie-ontwikkelingskorporasie, 'n afdeling van die Sentrale Energiefonds, gister bevestig.

Volgens Goosen is die tegniese probleme by die windplaas van 5,2 MW tydelik uitgesorteer. Oor bewerings van bestuursprobleme het Goosen gesê "daar is nog 'n dispuut tussen die maatskappy van mnr. Hermann Oelsner en die windplaasmaatskappy oor die bestuurskontrak".

Volgens Oelsner, wat vandeesweek die Africa Energy Week in Kaapstad bygewoon het, het vier tegnici van die Duitse turbineverskaffer Fuhrländer gekom om die turbines weer aan die gang te kry. Die windplaas was sedert Februarie buite werking.

Hy het gesê 'n arbitrasieverhoor rakende die dispuut is vir 28 Julie gereël.

Goosen sê die windplaas oorweeg dit om uit te brei. Daar is goedkeuring om nog ses windturbines op te rig.

Die Sentrale Energiefonds is betrokke by 'n windplaas van 25 MW wat krag aan die Nelson Mandelabaai Munisipaliteit in Port Elizabeth sal lewer. Openbare verhore is gehou oor die omgewingsimpakstudie vir dié projek.

Die Sentrale Energiefonds kyk na 'n paar ander potensiële windkragpersele, sê Goosen.

Mnr. Brian Jones, projekingenieur vir groen-energie van die Stad Kaapstad, het by navraag gesê hy het nog nie amptelike bevestiging ontvang dat die Darling-windplaas weer krag opwek nie. Hy het dit as goeie nuus verwelkom.

## Vraag na brandstof laat SA ál meer invoer

Francois Williams, Kaapstad

Suid-Afrika voer tans 3% van sy petrolbehoeftes en 5% van sy distillate (onder meer diesel en vliegtuigbrandstof) in. Dit kan teen 2016 tot onderskeidelik 14% en 34% toeneem, oftewel 7 miljard liter distillate en 2 miljard liter petrol per jaar.

Dit skep ernstige uitdagings vir die land se verskaffingsekerheid, waarsku dr. Faizel Mulla, hoofstrateeg by die staatsoliemaatskappy PetroSA.

Hy het by Africa Energy Week gesê om die binnelandse mark teen 2016 in daardie tempo van brandstof te voorsien, sal 10 tenkvragmotors per uur sewe dae per week vanuit Durban na Gauteng moet vertrek. Suid-Afrika verbruik tans sowat 21 miljard liter brandstof per jaar.

Al word PetroSA se Coega-raffinadery voltooi, sal die bykomende produksievermoë reeds teen 2021 ten volle verbruik word en sal verdere vraaggroei weer deur invoer aangevul moet word. Die vooruitskattings is gegrond op groei van 4,5% of meer in die brandstofvraag.

Mulla sê sonder investering in bykomende raffineringsvermoë sal invoer dramaties styg, met die gepaardgaande negatiewe gevolge vir die land se betalingsbalans. Ingevolge die staat se energiemeesterplan het PetroSA 'n kernrol in verskaffingsekerheid en word beoog dat hy vir 30% van Suid-Afrika se ruolie-invoer via die Coega-raffinadery sal sorg. Van brandstofmaatskappye sal verwag word om 30 dae se ruolievoorraad asook 30 dae se voltooide brandstofvoorraad te hou, en 30% van brandstofbehoeftes moet van plaaslike bronne soos aardgas, steenkool en biobrandstof kom.

## Kurators beheer New Era nadat ongerymdhede aan lig kom

Adri van Zyl, Johannesburg

Ernstige ongerymdhede by New Era Life Company het aan die lig gekom in 'n aansoek om voorlopige kuratorskap deur die Raad op Finansiële Dienste (RFD).

Dié aansoek is eergister in die Noord-Gautengse hooggeregshof in Pretoria toegestaan.

Die hoofverdagte in die plundering van polishouersgeld is glo die reeds omstrede mnr. Sandi Majali en sy maatskappy Imvume Resources, blyk uit die RFD-ondersoek.

Majali en Imvume het berugtheid verwerf weens die sogenaamde olieskandaal, toe Imvume 'n voorskot van R15 miljoen van PetroSA gevra het vir 'n olietransaksie. Sowat R11 miljoen hiervan is na die ANC gekanaliseer, en PetroSA het sy betaling aan Imvume verdubbel.

Die RFD beskou die ongerymdhede by New Era in so 'n ernstige lig dat die maatskappy nie vooraf in kennis gestel is van die hangende aansoek nie. Die minister van finansies het reeds op 30 April aan die registrateur van langtermynversekeraars toestemming gegee om New Era te verbied om met sy bedrywighede voort te gaan. Dit is ook nog nie aan New Era geopenbaar nie.

Uit die ondersoek van die RFD blyk dit dat die Permit Group in 'n onreëlmatige transaksie 'n belang van 95% verkry het in New Era. Imvume is die enigste aandeelhouer in die Permit Group, en Majali is een van twee direkteure van Permit. Die ander aandeelhouer in New Era is die Limpopo Economic Development Enterprise.

New Era het tussen Junie en November 2007 dividende van R47 miljoen uitbetaal, maar net aan Imvume. Die ander aandeelhouers het niks gekry nie. Dit het 'n negatiewe uitwerking gehad op die kapitaalreserwe van New Era en hy kan nie sy verpligtinge teenoor polishouers nakom nie.

New Era het 'n totale belegging van R44.8 miljoen in polisse by Sanlam en Liberty gedoen. Majali het in 'n reeks ooreenkomste tussen Augustus 2007 en Mei 2008 dié polisse aan Absa gesedeer as deurlopend gedekte sekuriteit vir die skuld van Imvume.

Die waarde van die polisse wat aan Absa gesedeer is, verteenwoordig 77% van die totale batewaarde van New Era.

Majali het blykbaar in al die transaksies voorgegee dat hy namens New Era optree op grond van 'n resolusie wat op direksievergaderings goedgekeur is.

Die RFD het egter bevind ander direkteure was onbewus daarvan dat die polisse gesedeer is en dat net een direksievergadering sedert Junie verlede jaar gehou is. Die kurators sal onmiddellik die beheer en bestuur van New Era oorneem en sy bedrywighede ondersoek. Hulle moet op 1 September aan die hof verslag doen oor hul bevindinge.

## Hesteapark-beleggers trek noustrop

Nellie Brand-Jonker, Kaapstad

Die beleggers wat erwe in Hesteapark in Pretoria gekoop het se verbandskuld is so hoog dat hulle gesamentlik elke maand R32 000 kort vóór hulle enige ander verpligtinge nagekom het en hul lewenskoste gedek het.

'n Opname wat die prokureursfirma Lombards onder 'n gedeelte van die beleggers uitgevoer het, toon dié toedrag van sake.

*Sake24* het onlangs berig oor dié beleggers wat in groot skuld gedompel is nadat 'n eiendomsontwikkelingskema skeefgeloop het.

Die opname van Lombards is onder 34 individue uitgevoer wat 59 verbande van altesame R24 miljoen gekry het.

Volgens Lombards beloop die maandelikse paaiemente gesamentlik sowat R307 000, terwyl die groep mense se gesamentlike netto inkomste sowat R275 000 is.

Mnr. Michael Lombard van Lombards Prokureurs, wat die mense namens die skuldbestuurder Debt End verteenwoordig, het gesê die krediet is na bewering op 'n roekelose wyse deur die banke toegestaan.

Hy het die banke skriftelik in kennis gestel dat die krediet as roekeloos beskou word en versoek dat regsaksie gestop word hangende die afhandeling van ondersoeke.

Lombards beweer ook die statutêre vereistes, soos uiteengesit in die Nasionale Kredietwet, is nie nagekom met die toestaan van die lenings nie.

*Sake24* het vroeër berig dat die mense blykbaar oortuig daarvan is om erwe van Vito Property Developments te koop wat na bewering beloof het om hulle R20 000 per geregistreerde erf te betaal. Vito het glo ook belowe dat die paaiemente betaal sal word totdat die erwe weer verkoop word.

Die beleggers, wat dié paaiemente nou self moet betaal omdat Vito glo in 'n finansiële verknorsing is, sit nou met vrae oor hoe die verbande toegestaan is.

Die verbandaansoeke is almal deur 'n verbandtussenganger gehanteer. *Sake24* het 'n lys van die beleggers gekry wat toon sowat 87 verbande van gesamentlik R35,5 miljoen is toegestaan aan nagenoeg 52 individue (dit is mense wat of op hul eie of gesamentlik die eiendom gekoop het).

[illegible]

- Egpaar Coetzee het vier verbande van R1,55 miljoen. Die paaiemente is R20 476 en hul netto inkomste is R13 000.
- Egpaar Zingitwa het vier verbande van gesamentlik R1,9 miljoen. Die paaiemente is R25 282 en hul netto inkomste is R25 000.
- Egpaar Jacobs het vier verbande van R1,55 miljoen. Die paaiemente is R20 410 en hul netto inkomste is R7 926.
- Egpaar Pusch het vier verbande van R1,46 miljoen. Die paaiemente is R19 247 en hul netto inkomste is R9 937.
- Me. Nkoe het drie verbande van gesamentlik R1,35 miljoen. Die maandelikse paaiemente is R17 777. Haar netto inkomste is R20 000.
- Eksteen en Reinach het drie verbande van R1,23 miljoen. Die paaiemente is R16 196 en hul netto inkomste is R11 600.
- Nog 'n Eksteen en Marais het drie verbande van gesamentlik R1,08 miljoen. Die paaiemente is R14 300 en hul netto inkomste is R12 000.
- Egpaar Van Wyk het drie verbande van gesamentlik R1,16 miljoen. Die paaiemente is R15 340 en hul netto inkomste is R19 500.
- Olivier en Nienaber het twee verbande van R780 000. Die paaiemente is R10 270 en hul netto inkomste is R8 000.
- Mnr. Thupana het twee verbande van gesamentlik R960 000. Die maandelikse paaiemente is R12 641 en die netto inkomste is R15 500.

Bron: Lombards Prokureurs